

# KOMMUNIKAMMA



**1 Petrus 5:6,7** "Onderwerp julle in nederigheid aan die kragtige hand van God, sodat Hy julle kan verhoog op die tyd wat Hy bestem het. Werp al julle bekommernisse op Hom, want Hy sorg vir julle."

## SAKE VIR GEBED

- \* Bessie Petzer se seun is oorlede.
- \* Mariette Pretorius se pa gaan vir n groot omleidings operasie.
- \* Lené Anker is in die hospitaal.
- \* Peet Viljoen ontvang tans chemo.
- \* Die personeel en inwoners van Stella Londt Aftree oord na die traumatiese gebeure die afgelope week. Bid vir die weerlose bejaardes en dat hulle nie 'n gees van vreesagtigheid sal hê nie.
- \* Bid vir die kinders in die MTR Smit kinderoord wat soveel uitdagings in die gesig staar wens emosionele gebrokenheid. Bid dat die Here hulle sal genees.
- \* Ons dank die Here vir die reen wat in sekere gebiede geval het. Ons buig steeds oot moedig voor Hom neer vir al die dele in ons land wat nog deur die droogte geteister word.
- \* Loof die Here dat ons vandag die verbeterde kerkgebou in gebruik kan neem. Aan Hom alleen kom al die lof toe vir sy groot genade.
- *Bid saam Christene in Tunisië dat hulle te midde van vervolging God se teenwoordigheid sal aanvoel. Baie verloor hoop omdat hulle onseker is van hul lewenspad vorentoe.*

## TIENDEMAAND DANKOFFER

Die tiendemaand dankoffer is nog 'n geleentheid om uit dankbaarheid die Here te dien. Tiendemaand dankofferkoeverte en inligtingstukke sal in die wyke uitgedeel word en is ook in die voorportaal beskikbaar. **Sondag 27 Oktober** is tiendemaand dankoffer Sondag. Daar is geen verpligting op enige iemand om dankoffer te gee nie. Maak asseblief die saak biddend met die Here uit. Hoe dankbaar is jy?

## ALGEMENE SINODE

Die NG Kerk Sinodehet hierdie week vergader. Kom ons bid en wag totdat ons die volledige terugvoer van besluite ontvang het. 'n Persverklaring oor die besluit oor selfdegeslag verhoudings is in die voorportaal beskikbaar.

# SONDAG 13 OKTOBER 2019

**08:30** Eietydse diens in kerkgebou

**09:45** Kategese

Deurdankoffer vir Wêreldsending

**10:00** Klassieke diens in kerkgebou

Die volgende kerkradslede wat herkies is, word vanoggend voorgestel:

Hennie Bakkes, diaken blok FA

Dossie Nortje, diaken blok SA

Johan van der Merwe, diaken blok GA

Juanita van Rooyen, diaken blok BB

James von Wielligh, ouderling blok GA.

**17:00** Kooroefening vir die Klassieke Kerssangdiens by die kerkgebou. Almal wat lief is vir sing, is welkom. Kom soos jy is. Indien iemand 'n kerstyd getuienis of verhaal het wat hul graag met die gemeente wil deel by die Klassieke Kerssangdiens, kontak asb Ds MG.

**Teebeurt vandag: St Joseph sel**

**Teebeurt 20 Oktober: Vergeet my nie sel**

---

## MATRIEK EINDEKSAMEN

Bid vir die matrieks wat hierdie week begin eksamen skryf.

Matrieks in ons gemeente is: Marné Ackerman; Christo Grobler; Nicole Hamilton; Lizmari Hanekom; Elizabeth Lourens; Leana Maré; Soné Müller; Johann Postma; Sumari Pretorius; Marisa Smith; Contasha vd Merwe; Derik van der Merwe; Carli van Onselen en Marius van Rooyen.

*(Indien jou naam uitgelaat is, vra ons om verskoning. Laat weet asseblief die kerkkantoor.)*

## MAANDAG 14 OKTOBER

**12:45** Gebedskild in die gebedskamer.

**19:00** Gemeentebediening.

## DINSDAG 15 OKTOBER

**18:00** Getuienisbediening.

## WOENSDAG 16 OKTOBER

**18:00** Selleiersbyeenkoms.

## VRYDAG 18 OKTOBER

### MANNEBYEENKOMS

**05:00** Mannebyeenkoms by Elandré Bosch, Lilylaan 68.

## VRYDAG 25 OKTOBER - FONTEINVRIENDE

### VERKOPING

**Vetkoeke (curry bunnies) R15**

**Pannekoek R5**

Kom ondersteun asb ons fondsinsameling.

Bestellings kan na elke diens agter in die saal gegee word, of by die kerkkantoor.

**Navrae: Elna Thiert 083 662 1774 of 041-360 2225.**

## **KWARTAALPROGRAM**

Hier is 'n paar belangrike datums vir die laaste kwartaal:

**Vrydag 25 Oktober:** Kosverkope Fonteinvriende.

**Sondag 27 Oktober:** Hervormingsfees en 10<sup>de</sup> maand dankoffer.

**15:00** Cantando@Algoa en ander kore tree by ons kerkgebou op. Toegang is gratis, maar 'n kollekte om onkoste te dek, sal opgeneem word.

**Sondag 3 November om 09:00:** Gesamentlike Nagmaal en inwyding van die kerkgebou.

**Vrydag 8 November:** Gemeente se Kersmark.

**Sondag 10 November:** Hein Knoetze, wat skoolhoof was by die Driehoek skool toe die loopbrugramp plaasgevind het, kom lewer sy getuienis by altwee eredienste.

**Sondag 17 November om 09:00:** Gesamentlike eietydse Kerssangdiens en Kategese afsluiting.

**Sondag 24 November om 09:00:** Gesamentlike klassieke Kerssangdiens.

### **VIA (Vroue in Aksie)-afsluitingsfees - Maandag 28 Oktober om 18:30 in die saal**

Koste: R50

Tema: God maak nuut en mooi - ongeag my verhaal.

Kom luister na Heillencia en skep kreatief saam - al het jy 10 duime

Elkeen sal met 'n kunswerk-op-lap wegstap!

Wat om saam te bring: Koerantpapier, 'n voorskoot en 'n koffiebeker

(Opsioneel: skilderkwas, stensil, stempel.

Koop 'n kaartjie in die maalruimte en by die kerkkantoor.

Bring 'n vriendin saam!

Al die vroue word uitgenooi - ongeag of jy al ooit gekom het(Of kan verf)!

## **SENIOR BEDERF OGGENDTEE**

Die senior burgers word uitgenooi na 'n oggend bederf tee saam met Min Shaw en Barneace op Vrydag 25 Oktober om 09:30 by die Volle Evangeliese Kerk, Kabegapark.

Kaartjies kos R45 en is beskikbaar by die kerkkantoor.

## **MTR SMIT LIEFDADIGHEID GHOLF DAG (American Four Ball Scramble)**

Op Vrydag 1 November by Wedgewood Golf en Country Estate. R2000 vir 'n span van 4 sluit aandete by prysuitdeling (18:30) in. Borge vir bowwe of groenvelde gesoek. Die kindershuis is geregistreer vir 18A kwitansies. Kontak met Tanya by 041-3671103.

## **KERSMARK 8 NOVEMBER**

Kraggakamma gemeente bied hierdie jaar 'n kersmark aan. Indien jy 'n stalletjie wil hê by die mark, kontak Niekie of die kerkkantoor vir inligting.

Ons is ook op soek na lidmate wat sal help bak, kosmaak en verkoop tydens die kersmark. Kontak die kerkkantoor indien jy wil help

## **KOM DIEN DIE HERE MET JOU GAWES**

Ons het mense nodig as kerkraadslede en om te kom help by die diensterreine. Kontak enige dominee indien die Here jou lei om te kom dien met jou gawes.

## **HUIS LOUISA MEYBURGH**

Die Tehuis benodig op 'n gereelde basis toiletware soos seep, skeermesse, pleisters, babapoeiers, ens. Enige bydraes kan by kerkkantoor ingehandig word. Kontakpersone is Marlene Postma (0413605243) of Ansie Vorster (041-3794169).

## **NUWE LIDMATE**

Baie welkom by ons. Vul asb die groen vorm in die voorportaal in en plaas dit in die klein houtkissie by die vorms in die voorportaal. U kan ook die **vorm vir nuwe intrekkers** aflaai en dan voltooi. Ons sal u so gou moontlik kontak.

Teken gerus in op ons e-nuusbrief by:

[kuberkamma@ngkraggakamma.co.za](mailto:kuberkamma@ngkraggakamma.co.za)

Nog inligting oor ons gemeente is beskikbaar op ons webwerf: [www.ngkraggakamma.co.za](http://www.ngkraggakamma.co.za).

## **MARANATHA**

Maranatha het 'n bediening in Nieu Bethesda, 'n klein dorpie 50km van Graaff Reinet. Ons werk onder 'n gemeenskap wat groot werkloosheid beleef. 'n Oproep is ontvang van Laerskool Lettie de Klerk in Nieu Bethesda. Hulle het 'n groot behoefte aan skoolskoene vir seuns en dogters. Enige skoengroote kan geskenk word. Nuwe, sowel as gebruikte swart skoene sal van groot hulp wees.

Indien u 'n kontantbydrae wil maak, plaas asb die geld in 'n koevert gemerk "skoene" en plaas dit in die dankoffersakkie. Elektroniese bydraes kan in ons ABSA rekening gemaak word; tak kode 630517, rek nr 4056238978 met die verwysing "skoene".

Maranatha beplan om dit teen 19 Oktober self na Nieu Bethesda te neem en te versprei.



Gebruik SnapScan en betaal jou:  
Dankoffer  
Maandelikse Bydrae  
Donasie, ens..